(n) onderworpe aan die goedkeuring van die raad, reëls vir die behoorlike uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy werksaamhede en pligte op te stel: Met dien verstande dat die senaat die maak, wysiging, aanvulling of herroeping van 'n reël wat 'n fakulteit raak, slegs na oorlegpleging met die betrokke fakulteitsraad oorweeg.

Verteenwoordigers van die senaat in die raad

29. (1) Voor die einde van die eerste semester van die jaar waarin die ampstermyn van 'n lid van die raad verstryk, wat deur die senaat kragtens artikel 8 (1) (c) van die Wet gekies is, stel die registrateur elke lid van die senaat skriftelik daarvan in kennis en die senaat kies op sy laaste gewone vergadering wat die datum waarop sodanige lid se ampstermyn verstryk, voorafgaan, 'n opvolger, wat sy amp ingevolge artikel 8 van die Wet beklee.

(2) 'n Nominasie word op skrif gestel en deur minstens twee lede van die senaat en die genomineerde onderteken en moet die registrateur minstens 14 dae voor die betrokke vergadering van die senaat bereik, en die name van die genomineerde kandidate word in die sakelys opgeneem.

(3) Indien meer as drie kandidate genomineer word, geskied stemming by wyse van stembriewe.

(4) In die geval van 'n staking van stemme moet die lot beslis.

(5) 'n Verkose kandidaat beklee sy amp vir die termyn van die raad, mits hy die kwalifikasies behou waarkragtens hy verkies is.

(6) 'n Lid wie se ampstermyn verstryk of wat bedank, is herkiesbaar.

(7) Indien 'n verteenwoordiger van die senaat in die raad sy amp voortydig ontruim, kies die senaat by sy eersvolgende vergadering 'n opvolger vir die onverstreke ampstermyn.

Verteenwoordigers van die senaat in gesamentlike komitees van die raad en die senaat

30. (1) Voor die einde van die eerste semester in die jaar waarin 'n verteenwoordiger van die senaat in 'n gesamentlike komitee van die raad en die senaat se ampstermyn verstryk, gee die registrateur aan elke lid van die senaat skriftelik kennis van die verstryking deur die opneming van 'n punt in die sakelys van 'n vergadering.

(2) Nominasies en stemming geskied tydens sodanige vergadering by wyse van geslote stembriewe.

(3) Die bepalings van paragraaf 29 (5) tot en met (7) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n lid van so 'n gesamentlike komitee.

Kworum

31. Die helfte van die totale aantal lede plus een is 'n kworum.

Sakelys

32. Minstens sewe dae voor 'n gewone vergadering en minstens twee dae voor 'n buitengewone vergadering van die senaat, stuur die registrateur aan elke lid 'n sakelys wat onder andere die datum, tyd en plek van die vergadering en die sake vir behandeling vermeld.

(ii) make submissions to the council for confirmation from time to time with regard to the award of such scholarships and prizes; and

(iii) from time to time determine the extent to which a holder of any scholarship has complied with the conditions on which the award was made;

(l) make recommendations to the council regarding the amendment, supplementation or repeal of disciplinary rules in the academic sphere.

(m) determine the quorum and procedures of committees of the senate;

(n) subject to the approval of the council, frame rules for the proper exercise of its powers and performance of its functions and duties: Provided that the senate shall consider the framing, amendment, supplementation or repeal of a rule affecting a faculty only after consultation with the respective board of faculty.

Representatives of the senate on the council

29. (1) Before the end of the first semester of the year in which the term of office of a member of the council elected by the senate in terms of section 8 (1) (c) of the Act expires, the registrar shall notify every member of the senate in writing thereof and the senate, at its last ordinary meeting preceding the date of the expiration of the term of office of such member, shall elect a successor who shall hold office in terms of section 8 of the Act.

(2) A nomination shall be in writing, shall be signed by at least two members of the senate and the nominee and shall reach the registrar at least 14 days before the relevant meeting of the senate, and the names of the nominated candidates shall be included in the agenda.

(3) If more than three candidates have been nominated, voting shall be by ballot.

(4) In the event of a tie the lot shall decide.

(5) An elected candidate shall hold office for the term of the council provided he retains the qualifications by virtue of which he was elected.

(6) A member whose term of office expires or who resigns may be re-elected.

(7) If a representative of the senate on the council vacates his office prematurely, the senate shall elect a successor for the remaining part of his term of office at its next meeting.

Representatives of the senate on joint committees of the council and the senate

30. (1) Before the end of the first semester of the year in which the term of office of a representative of the senate on a joint committee of the council and the senate expires the registrar shall notify each member of the senate in writing of the expiry by including an item in the agenda of a meeting.

(2) At such meeting nominations shall be secret and voting shall be by ballot.

(3) The provisions of paragraph 29 (5) up and including (7) shall apply *mutatis mutandis* in connection with a member of such a joint committee.

Quorum

31. Half of the total number of members plus one shall constitute a quorum.

Agenda

32. At least seven days before an ordinary meeting and at least two days before an extraordinary meeting of the senate the registrar shall dispatch to every member an agenda reflecting, *inter alia*, the date, time and venue of the meeting and the matters to be considered.

Opstel van sakelys

33. Voorleggings word op skrif gestel en minstens 10 dae voor 'n vasgestelde datum van die gewone vergadering by die registrateur ingedien: Met dien verstande dat die voorsitter met die toestemming van 'n meerderheid van die aanwesige lede 'n dringende saak sonder voorafgaande kennisgewing aan die begin van die vergadering op die sakelys kan plaas.

Wysiging van reëls van die senaat

34. (1) Geen voorstel om 'n reël van die senaat te maak, te wysig, of te herroep, word oorweeg tensy dit in die sakelys van 'n gewone vergadering van die senaat opgeneem en volledig daarin uiteengesit is nie.

(2) Ten einde van krag te word, moet 'n voorstel om 'n reël van die senaat te maak, te wysig of te herroep, deur minstens twee derdes van die teenwoordige lede tydens 'n gewone senaatsvergadering aanvaar word.

Notule

35. (1) Die sekretaris hou notule van die verrigtinge op alle vergaderings en stuur na afloop van elke vergadering 'n verslag aan die raad.

(2) Notules van vergaderings van die senaat moet aan al die lede beskikbaar gestel word.

(3) Aan die begin van 'n gewone vergadering, nadat dit gekonstitueer is, word die notule van die vorige gewone vergadering en van enige buitengewone vergadering wat daarna gehou is, gelees en deur die handtekening van die voorsitter bekragtig.

(4) 'n Beswaar teen die notule word voor die bekragtiging geopper en afgehandel.

(5) Die vergadering kan die notule as gelees beskou, indien 'n afskrif daarvan minstens drie dae vooraf aan elke lid gestuur is.

Register van besluite

36. Die registrateur hou 'n volledige register van senaatsbesluite wat kragtens die bepalinge van hierdie Statuut geneem word.

Bespreking van voorstelle

37. (1) 'n Lid mag nie sonder verlof van die vergadering meer as een maal oor 'n mosie of 'n amendement praat nie, maar die indiener van 'n mosie of 'n amendement het die reg van repliek.

(2) 'n Lid kan voorstel dat die onderwerp van bespreking in komitee behandel word en indien so 'n voorstel gesekondeer word, word dit sonder verdere bespreking tot stemming gebring.

(3) Die mening van 'n lid wat nie persoonlik 'n vergadering kan bywoon nie, word aan die vergadering voorgelê, mits dit op skrif gestel is, maar dit geld nie as 'n stem van die lid nie.

Stemprosedures en notulering van besluite

38. (1) Die bepalinge van paragraaf 12 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die stemprosedures in die senaat.

(2) Die voorsitter gelas op versoek van 'n lid dat—

- (a) daar per stembrief gestem word; of
- (b) die stem van die betrokke lid in die notule aangeteken word; of
- (c) die getal stemme vir en teen 'n voorstel in die notule aangeteken word.

Voorstelle

39. (1) 'n Voorstel of 'n amendement moet gesekondeer word en, indien die voorsitter dit gelas, skriftelik voorgelê word.

Compilation of agenda

33. Submissions shall be in writing and shall be lodged with the registrar at least 10 days before the appointed date of a ordinary meeting: Provided that the chairman with the permission of a majority of the members present may place an urgent matter on the agenda at the beginning of the meeting without prior notice.

Amendment of the rules of the senate

34. (1) No proposal to make, amend or repeal a rule of senate shall be considered unless it is included and set out in detail in the agenda of an ordinary meeting of the senate.

(2) To become effective, a proposal to make, amend or repeal a rule of the senate shall be accepted by at least two-thirds of the members present at an ordinary meeting of the senate.

Minutes

35. (1) The secretary shall keep minutes of the proceedings at all meetings and shall forward a report to the council after each meeting.

(2) Minutes of the meetings of the senate shall be made available to all members.

(3) At the commencement of an ordinary meeting, after it has been constituted, the minutes of the previous ordinary meeting and of any extraordinary meeting held subsequently shall be read and confirmed by the signature of the chairman.

(4) An objection to the minutes shall be raised and dealt with before their confirmation.

(5) The meeting may take the minutes as read if a copy thereof was sent to every member at least three days beforehand.

Register of resolutions

36. The registrar shall keep a complete register of the senate resolutions adopted in terms of the provisions of this Statute.

Discussion of proposals

37. (1) A member shall not, without the permission of the meeting, speak more than once to a motion or an amendment but the proposer of a motion or amendment shall have the right of reply.

(2) A member may move that the matter under discussion be dealt with in committee and if such a motion is seconded it shall be put to the vote without further discussion.

(3) The opinion of a member who cannot attend a meeting personally shall be submitted to the meeting if it is in writing but it shall not be deemed to be a vote by such member.

Voting procedures and minuting of resolutions

38. (1) The provisions of paragraph 12 shall apply *mutatis mutandis* in connection with the voting procedures of the senate.

(2) At the request of a member the chairman shall direct that—

- (a) voting shall be by ballot; or
- (b) the vote of the member in question be recorded in the minutes; or
- (c) the number of votes for and against a proposal be recorded in the minutes.

Proposals

39. (1) A proposal or an amendment shall be seconded and, if the chairman so directs, shall be submitted in writing.

(2) 'n Voorstel word nie sonder verlof van die vergadering teruggetrek nie.

Ordevoorstelle

40. Die beslissing van die voorsitter van die vergadering op 'n punt van orde of prosedure wat deur die voorsitter of 'n lid van die vergadering geopper is, is bindend, tensy 'n lid onmiddellik daarteen beswaar maak, en in so 'n geval word sodanige beslissing sonder bespreking aan die finale beslissing van die vergadering onderwerp.

Buitengewone vergaderings

41. Behoudens die bepalings van paragraaf 32 kan die voorsitter of in sy afwesigheid, sy verteenwoordiger te eniger tyd 'n buitengewone vergadering belê, indien hy dit nodig ag, en moet hy, so 'n vergadering belê op die skriftelike versoek van minstens 10 lede van die senaat: Met dien verstande dat die doel van sodanige vergadering in sodanige versoek vermeld word en dat geen saak wat nie in die kennisgewing vermeld is nie, op sodanige vergadering behandel word nie, behalwe met die goedkeuring van die vergadering na aanleiding van 'n onbestrede mosie.

Uitvoerende komitee van die senaat

42. (1) Die uitvoerende komitee van die senaat bestaan uit die rektor, ampsalwe, wat die voorsitter is, vise-rektor, ampsalwe, indien daar 'n vise-rektor is, die dekaane, ampsalwe, of hul verteenwoordigers, en sodanige ander lede as wat die senaat tweejaarliks uit eie geledere aanwys.

(2) Die bevoegdhede en pligte van die uitvoerende komitee van die senaat word deur die raad op aanbeveling van die senaat bepaal.

(3) 'n Buitengewone vergadering van die uitvoerende komitee kan te eniger tyd deur die voorsitter of, in sy afwesigheid, deur sy verteenwoordiger belê word vir die ooreweging van 'n saak wat die senaat of die raad na die uitvoerende komitee verwys het of 'n ander saak wat na die oordeel van die voorsitter nie tot die volgende gewone vergadering van die uitvoerende komitee van die senaat kan oorsaak nie.

(4) Minstens drie dae voor 'n gewone vergadering van die uitvoerende komitee stuur die registrateur aan elke lid 'n sakelys, wat onder andere die datum, tyd en plek van die vergadering en die sake vir behandeling vermeld.

(5) Die uitvoerende komitee van die senaat kan van tyd tot tyd persone wat nie lede van die komitee is nie, uitnooi om 'n vergadering by te woon: Met dien verstande dat sodanige persone aan die besprekings mag deelneem, maar nie mag stem nie: Met dien verstande voorts dat 'n verteenwoordiger van 'n dekaan wat deur 'n fakulteitsraad aangewys is, by die afwesigheid van die betrokke dekaan volle sitting sal hê.

Kworum en prosedures

43. (1) Die helfte van die totale aantal lede van die uitvoerende komitee is 'n kworum.

(2) Die voorskrifte met betrekking tot die prosedures op vergaderings van die senaat is *mutatis mutandis* van toepassing op vergaderings van die uitvoerende komitee van die senaat: Met dien verstande dat die vergaderings in komitee plaasvind, tensy die voorsitter beslis of 'n lid versoek dat die formele reëls van prosedure nagekom word: Met dien verstande voorts dat 'n voorstel ten dien effekte sonder bespreking gestel word.

(3) Die uitvoerende komitee voorsien die senaat van 'n verslag van sy vergaderings, en die senaat kan besluite wat deur die uitvoerende komitee geneem is, bekragtig, wysig of ter syde stel.

(2) A proposal shall not be withdrawn without the consent of the meeting.

Points of order

40. The ruling of the chairman of the meeting on a point of order or procedure raised by the chairman or a member of the meeting shall be binding, unless a member immediately objects, in which event such ruling shall be subjected to the final decision of the meeting without discussion.

Extraordinary meetings

41. Subject to the provisions of paragraph 32 the chairman or in his absence his representative may convene an extraordinary meeting at any time if he deems it necessary and shall convene such a meeting if he is requested to do so in writing by at least 10 members of the senate: Provided that the purpose of such meeting shall be stated in such request and that no matter not stated in the notice shall be transacted at such meeting except with the consent of the meeting following an uncontested motion.

Executive committee of the senate

42. (1) The executive committee of the senate shall consist of the rector, *ex officio*, who shall be the chairman, the vice-rector, *ex officio*, if there is a vice-rector, the deans, *ex officio*, or their representatives, and such other members as the senate may appoint biennially from amongst its members.

(2) The powers and duties of the executive committee of the senate shall be determined by the council upon the recommendation of the senate.

(3) An extraordinary meeting of the executive committee may be convened at any time by the chairman or, in his absence, by his representative for the consideration of a matter referred to the executive committee by the senate or the council or any other matter which in the discretion of the chairman cannot be held in abeyance until the next ordinary meeting of the executive committee of the senate.

(4) At least three days before an ordinary meeting of the executive committee the registrar shall send to each member an agenda stating, *inter alia*, the date, time and venue of the meeting and the matters to be considered.

(5) The executive committee of the senate may, from time to time, invite persons who are not members of the committee to attend a meeting: Provided that such persons may take part in the discussions but shall not have a vote: Provided further that a representative of a dean elected by a board of faculty shall, in the absence of the dean in question, have full status.

Quorum and procedures

43. (1) One-half of the total membership of the executive committee shall constitute a quorum.

(2) The provisions with regard to the procedures at meetings of the senate shall apply *mutatis mutandis* to meetings of the executive committee of the senate: Provided that the meetings shall be in committee, unless the chairman rules or a member requests that the formal rules of procedure be observed: Provided further that a proposal to that effect shall be put without discussion.

(3) The executive committee shall furnish the senate with a report on its meetings and the senate may confirm, amend or set aside resolutions adopted by the executive committee.

Ander komitees

44. (1) Die lede van die komitees, behalwe die uitvoerende komitee, wat kragtens artikel 10 (6) van die Wet deur die senaat aangestel word, beklee hul amp solank as wat dit die senaat behaag, en die bevoegdhede en pligte van sodanige komitees word deur die raad op aanbeveling van die senaat bepaal.

(2) Die kworum en prosedures van enige sodanige komitee word deur die raad op aanbeveling van die senaat bepaal.

Fakulteitsrade

45. (1) Indien die senaat kragtens artikel 10 (6) van die Wet komitees aanstel om die aktiwiteite van die onderskeie fakulteite van die Universiteit te reguleer, is die volgende bepalinge van toepassing op sodanige komitees (hieronder fakulteitsrade genoem):

(a) Fakulteitsrade moet in getal en benaming ooreenstem met die getal en die benamings van fakulteite van die Universiteit.

(b) 'n Fakulteitsraad bestaan uit die rektor, ampshalwe, die dekaan van die fakulteit, die prefessore en senior lektore van daardie fakulteit en die ander persone wat deur die senaat van tyd tot tyd aangestel word.

(c) Die senaat stel op aanbeveling van die fakulteitsraad assessorlede van die fakulteitsraad aan.

(d) Die dekaan van 'n fakulteit is ampshalwe die voorsitter van die fakulteitsraad en lid van die komitees van die fakulteitsraad.

(e) Die fakulteitsraad kies tweejaarliks, wanneer die dekaan aangewys word, uit eie geledere 'n persoon wat die funksies van die dekaan by sy afwesigheid vervul.

(f) 'n Fakulteitsraad vergader gewoonlik op tye en plekke wat deur die senaat bepaal word.

(g) 'n Buitengewone vergadering van 'n fakulteitsraad waarvan minstens 24 uur kennis gegee moet word, kan te eniger tyd uit eie beweging deur die dekaan belê word, en moet deur hom belê word op die skriftelike versoek van minstens een derde van die lede van die fakulteitsraad: Met dien verstande dat die doel van die vergadering in sodanige versoek vermeld word en dat geen ander sake op sodanige vergadering behandel word nie: Met dien verstande voorts dat toestemming vir die hou van sodanige vergadering in elke geval vooraf van die voorsitter van die senaat verkry is.

(h) Die datum, tyd en plek van 'n buitengewone vergadering word deur die dekaan bepaal.

(i) Die helfte van die totale aantal lede van 'n fakulteitsraad is 'n kworum.

Pligte van fakulteitsrade

46. (1) 'n Fakulteitsraad doen by die senaat aanbevelings oor die leergange, leerplanne, studiekursusse en eksamens vir sover die departemente van die fakulteit daarby betrokke is, oor sodanige ander sake as wat die senaat na hom verwys en oor sake wat die belange van die fakulteit raak.

(2) Geen reël wat die leergange, studiekursusse of eksamens betref, word deur die senaat aangeneem voordat dit voor die betrokke fakulteitsraad gedien het nie.

KONVOKASIE*Sekretaris*

47. Die registrateur is die sekretaris van die konvokasie.

Konvokasielys

48. (1) Die sekretaris, van die konvokasie hou die konvokasielys waarin die name en adresse opgeneem word van al die persone wat kragtens artikel 11 (1) van die Wet, lede van die konvokasie is, en 'n adres wat daarin opgeneem is, word geag die betrokke persoon se geregistreerde adres te wees.

Other committees

44. (1) The members of committees other than the executive committee appointed by the senate in terms of section 10 (6) of the Act shall hold office for as long as it shall please the senate and the powers and duties of such committees shall be determined by the council upon the recommendation of the senate.

(2) The quorum and procedures of any such committee shall be determined by the council upon the recommendation of the senate.

Boards of faculty

45. (1) If the senate establishes committees in terms of section 10 (6) of the Act to regulate the activities of the various faculties of the University, the following provisions shall apply to such committees (hereinafter referred to as boards of faculty):

(a) Boards of faculty shall correspond in number and designation to the number and designations of the faculties of the University.

(b) A board of faculty shall consist of the rector, *ex officio*, the dean of the faculty, the professors and senior lecturers of that faculty and such other persons as the senate may appoint from time to time.

(c) The senate shall appoint associate members of the board of faculty on the recommendation of the board of faculty.

(d) The dean of a faculty shall be *ex officio* chairman of the board of faculty and a member of the committees of the board of faculty.

(e) The board of faculty shall biennially, when electing a dean, elect from amongst its members a person to perform the duties of the dean in his absence.

(f) A board of faculty shall normally meet at such times and places as may be determined by the senate.

(g) An extraordinary meeting of a board of faculty, of which not less than 24 hours' notice shall be given, may be convened by the dean at any time of his own accord and shall be convened by him at the written request of at least one third of the members of the board of faculty: Provided that the purpose of the meeting shall be stated in such request and that no other matter may be dealt with at such meeting: Provided further that prior permission for such meeting shall in each case be obtained from the chairman of the senate.

(h) The date, time and venue of an extraordinary meeting shall be determined by the dean.

(i) One-half of the total membership of a board of faculty shall constitute a quorum.

Duties of boards of faculty

46. (1) A board of faculty shall make recommendations to the senate on the curricula, syllabi, courses of study and examinations to the extent that the departments of the faculty are concerned, on such matters as may be referred to it by the senate and on other matters affecting the interests of the faculty.

(2) No rule concerning the curricula, courses of study or examinations shall be adopted by the senate before it has been considered by the relevant board of faculty.

CONVOCATION*Secretary*

47. The registrar shall be the secretary of the convocation.

Roll of convocation

48. (1) The secretary of the convocation shall keep the roll of the convocation in which shall be recorded the names and addresses of all persons who are members of the convocation in terms of section 11 (1) of the Act, and an address recorded therein shall be presumed to be the registered address of the person concerned.

(2) Dit is die plig van elke lid om die sekretaris van enige adresverandering in kennis te stel.

(3) Wanneer iemand kragtens die voorbehoudsbepaling by artikel 11 (1) (e) van die Wet die raad van 'n besluit in daardie voorbehoudsbepaling bedoel, in kennis stel, moet die raad onverwyld die sekretaris van die konvokasie opdrag gee om die naam van die betrokke persoon van die lys te verwyder of nie daarop te plaas nie, na gelang van die geval.

(4) Vermelde lys is prima facie-bewys dat iemand wie se naam ten tyde van 'n verkiesing deur die konvokasie, daarin verskyn, geregtig is om op sodanige verkiesing te stem en dat iemand wie se naam nie daarin verskyn nie, nie aldus geregtig is nie, tensy die teendeel bewys word.

President

49 (1) Daar is 'n president van die konvokasie wat deur die konvokasie verkies word, en hy beklee sy amp vir 'n tydperk van vier jaar vanaf die verkiesing.

(2) Die prosedures in paragraaf 5 (1) tot en met (4) en (6) uiteengesit, is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die verkiesing van die president.

(3) Indien die amp van president om watter rede ook al vakant word, tree die sekretaris as president op totdat die konvokasie 'n nuwe president verkies het.

Voorsitter

50. Die president is voorsitter by alle vergaderings van die konvokasie: Met dien verstande dat, in sy afwesigheid, die teenwoordige lede onder leiding van die sekretaris 'n voorsitter uit eie geledere vir daardie vergadering kies.

Vergaderings

51. (1) Tensy die raad anders besluit, vind alle vergaderings van die konvokasie by die Universiteit te Turfloop plaas.

(2) 'n Vergadering van die konvokasie kan te eniger tyd deur die president belê word, en moet deur die sekretaris belê word op 'n skriftelike versoek wat deur minstens 50 lede geteken en by hom ingedien is: Met dien verstande dat die sake vir oorweging op sodanige vergadering in die vorm van spesifieke mosies gestel word en dat geen sake behalwe dié wat in sodanige versoek vermeld is, op sodanige vergadering behandel word nie.

(3) Sodanige vergadering moet so gou moontlik, maar in elk geval binne twee maande na die ontvangs van so 'n versoek, deur die sekretaris belê word.

Kennisgewing van vergaderings

52. Kennisgewing van 'n vergadering van die konvokasie met vermelding van die sake wat op die vergadering behandel moet word, word minstens 14 dae voor die vergadering aan elke lid na sy geregistreerde adres versend.

Kworum

53. Vyftig lede vorm 'n kworum: Met dien verstande dat, indien 'n kworum nie verkry word nie, die teenwoordige lede na verloop van 10 minute 'n kworum sal uitmaak.

Prosedures

54. Die prosedures op 'n vergadering van die konvokasie is *mutatis mutandis* dieselfde as dié op die vergaderings van die raad en die senaat soos in hierdie Statuut bepaal.

Verkiesing van verteenwoordigers in die raad

55. (1) Die sekretaris pos so gou moontlik na die indiening van 'n bedanking wat op 'n toekomstige datum van krag word, maar in elk geval nie later as 14 dae na die ontstaan van 'n toevallige vakature wat deur die konvokasie in die raad gevul moet word nie, aan elke konvokasielid 'n kennisgewing met die versoek om 'n skriftelike nominasie

(2) It shall be the duty of every member of notify the secretary of any change of address.

(3) When, in terms of the proviso to section 11 (1) (e) of the Act, any person notifies the council of a decision referred to in that proviso, the council shall forthwith instruct the secretary of the convocation to remove the name of the person concerned from the roll or not to place it on the roll, as the case may be.

(4) The said roll shall be prima facie evidence that any person whose name appears thereon at the time of an election by the convocation, is entitled to vote at such election and that any person whose name does not appear thereon is not so entitled unless the contrary is proved.

President

49. (1) There shall be a president of the convocation who shall be elected by the convocation and he shall hold office for a period of four years from his election.

(2) The procedures set out in paragraph 5 (1) up to and including (4) and (6) shall apply *mutatis mutandis* in respect of the election of the president.

(3) If the office of president becomes vacant for any reason the secretary shall act as president until the convocation has elected a new president.

Chairman

50. The president shall be chairman of all the meetings of the convocation: Provided that, in his absence, the members present shall under the guidance of the secretary elect a chairman for that meeting from amongst their number.

Meetings

51. (1) Unless the council decides to the contrary, all meetings of the convocation shall take place at the University at Turfloop.

(2) A meeting of the convocation may be convened by the president at any time, and shall be convened by the secretary when a written request signed by at least 50 members is lodged with him: Provided that the matters for consideration at such meeting shall be stated in the form of specific motions and that no matters others than those stated in such request shall be discussed at such meeting.

(3) Such meeting shall be convened by the secretary as soon as possible after but in any event within two months of the receipt of such request.

Notice of meetings

52. Notice of a meeting of the convocation with a statement of the business to be brought before the meeting shall be sent to every member at his registered address at least 14 days before the meeting.

Quorum

53. Fifty members shall constitute a quorum: Provided that if no quorum is obtained, the members present after the elapse of a period of 10 minutes shall constitute a quorum.

Procedures

54. The procedures at a meeting of the convocation shall be *mutatis mutandis* the same as that of meetings of the council and the senate as stipulated in this Statute.

Election of representatives on the council

55. (1) The secretary shall, as soon as possible after receipt of a resignation intended to take effect at a future date, but in any case not later than 14 days after the occurrence of a casual vacancy in the council that has to be filled by the convocation, post to every member of the convocation a notice requesting a written nomination of a person to

van iemand wat gekies kan word om die vakature te vul, welke nominasie geteken moet word deur minstens 10 lede en deur die genomineerde, wat sy aanvaarding van die nominasie uitdruklik moet vermeld: Met dien verstande dat, in die geval van 'n vakature wat deur tydsverloop ontstaan, die sekretaris gemelde kennisgewing minstens drie maande voor die verstryking van die ampstermyn pos.

(2) Nominasies moet die sekretaris nie later as op die datum wat in die kennisgewing vermeld word, bereik nie en wat ses weke vanaf die datum van die uitreiking van die kennisgewing moet wees.

(3) Indien die aantal genomineerde persone nie meer is as die aantal vakatures nie, word daardie genomineerdes on- verwyld deur die sekretaris as behoorlik verkose verklaar en van die uitslag in kennis gestel.

(4) Indien meer persone genomineer word as waarvoor daar vakatures is, word 'n verkiesing gehou.

(5) In die geval van 'n verkiesing, pos die sekretaris so gou doenlik na die sluitingsdatum vir die ontvangs van nominasies aan elke lid by sy geregisteerde adres 'n gedrukte stembrief met die name van die kandidate in alfabetiese volgorde, en hierdie stembrief moet deur die stemgeregtigde in die spesiale koevert wat vir dié doel verskaf is, teruggestuur word sodat dit die sekretaris bereik nie later as die datum wat op die stembrief aangedui word nie, welke datum nie vroeër moet wees as 21 dae vanaf die datum van die uitreiking daarvan nie.

(6) 'n Stembrief wat nie volgens die instruksies op sodanige stembrief ingevul is nie, of wat die sekretaris later as die aangeduide dag bereik, is ongeldig.

(7) Indien 'n stemgeregtigde nie van 'n gedrukte stembrief voorsien is nie, kan hy op aanvraag een van die sekretaris verkry en, indien die gedrukte stembrief wat verskaf is, verlore of vernietig is, kan 'n ander een van die sekretaris verkry word.

Kiesbeampste en stemopnemers

56. By 'n verkiesing tree die sekretaris as kiesbeampste op en word hy bygestaan deur twee stemopnemers wat deur die rektor aangestel word: Met dien verstande dat 'n persoon wat genomineer is, nie as kiesbeampste of stemopnemer mag optree nie en deur 'n persoon vervang moet word wat deur die rektor aangewys word.

Voorlegging van besluite aan die raad en die senaat

57. 'n Afskrif van alle konvokasiebesluite en -verklarings betreffende alle ander sake waarvoor die konvokasie mag besluit, behoorlik deur die voorsitter en die sekretaris gese- tifieer, word aan die voorsitter van die raad en aan die rektor gestuur ter inligting van die raad en die senaat onderskeidelik.

AANVAARDING VAN REËLS DEUR STUDENTE

58. By toelating word daar van elke student vereis om die amptelike inskrywingsvorm te onderteken, en sodanige on- dertekening word beskou as aanvaarding van die reëls van die Universiteit.

GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

59. Behoudens die bepalings van die Wet en hierdie Sta- tuut, is die Universiteit bevoeg om onderstaande grade, diplomas en sertifikate toe te ken:

(a) In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte:

In die Lettere en Wysbegeerte:

Grade

Baccalaureus Artium	B.A.
Baccalaureus Artium cum Honoribus	B.A. Hons.
Magister Artium	M.A.
Doctor Litterarum	D.Litt.
Doctor Philosophiae	D.Phil.

be elected to fill the vacancy, which nomination shall be signed by at least 10 members and by the nominee, who shall expressly state his acceptance of the nomination: Pro- vided that in the case of a vacancy occurring by effluxion of time, the secretary shall post the said notice at least three months prior to the expiry of the term of office.

(2) Nominations shall be lodged with the secretary not later than the date mentioned in the notice, which shall be six weeks from the date of issue of the notice.

(3) If the number of nominated persons does not exceed the number of vacancies, the secretary shall immediately declare those nominees to be duly elected and notify them of the result.

(4) If the nominees exceed the vacancies, an election shall be held.

(5) In the event of an election, the secretary shall, as soon as is feasible after the closing date for the receipt of nomi- nations, post to every member at his registered address a printed voting paper containing the names of the candidates in alphabetical order, which voting paper shall be returned by the voter in the special envelope provided for this pur- pose so as to reach the secretary no later than the date specified on the voting paper, which date shall not be earlier than 21 days from the date of issue thereof.

(6) Any voting paper which is not completed in accord- ance with the instructions on such voting paper or which reaches the secretary later than the stipulated date, shall be invalid.

(7) If a voter has not been supplied with a printed voting paper, he may obtain one by applying to the secretary, and if the printed voting paper that has been supplied is lost or destroyed, another one may be obtained from the secretary.

Returning officer and scrutineers

56. At an election the secretary shall act as returning officer and he shall be assisted by two scrutineers appointed by the rector: Provided that a person who has been nomi- nated shall not act as returning officer or scrutineer and shall be replaced by a person appointed by the rector.

Submission of resolutions to the council and the senate

57. A copy of all resolutions of the convocation and declarations concerning all other matters on which the con- vocation may decide, duly certified by the chairman and the secretary, shall be sent to the chairman of the council and the rector for the information of the council and the senate, respectively.

ACCEPTANCE OF RULES BY STUDENTS

58. At admission every student shall be required to sign the official registration form, and such signature shall be regarded as acceptance of the rules of the university.

DEGREES, DIPLOMAS AND CERTIFICATES

59. Subject to the provisions of the Act and this Statute, the University shall have the power to confer the following degrees, diplomas and certificates:

(a) In the Faculty of Arts:

In Arts:

Degrees

Bachelor of Arts	B.A.
Honours Bachelor of Arts	B.A. Hons
Master of Arts	M.A.
Doctor of Literature	D.Litt.
Doctor of Philosophy	D.Phil.

In die Biblioteek- en Inligtingkunde:**Grade**

Baccalaureus Bibliothecologiae.....	B. Bibl.
Baccalaureus Bibliothecologiae cum Honoribus	B. Bibl. Hons.
Magister Bibliothecologiae.....	M. Bibl.
Doctor Bibliothecologiae.....	D. Bibl.

Diplomas

Laer Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde	L.D.B.
Hoër Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde	H.D.B.
Diploma in Skoolbiblioteekkunde.....	D.S.B.

In Maatskaplike Werk:**Grade**

Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk	B.A. (M.W.)
Baccalaureus Artium cum Honoribus in Maatskaplike Werk	B.A. Hons. (M.W.)
Magister Artium in Maatskaplike Werk.....	M.A. (M.W.)
Doctor Philosophiae.....	D. Phil.

(b) In die Fakulteit Wiskunde en Natuurwetenskappe:

In die Suiwer Natuurwetenskappe:**Grade**

Baccalaureus Scientiae.....	B. Sc.
Baccalaureus Scientiae cum Honoribus.....	B. Sc. Hons.
Magister Scientiae.....	M. Sc.
Philosophiae Doctor.....	Ph.D.

In Farmasie:**Grade**

Baccalaureus Pharmacorum.....	B. Pharm.
Baccalaureus Scientiae cum Honoribus (Farmasie)	B. Sc. Hons. (Farm.)
Magister Pharmacorum.....	M. Pharm.
Doctor Pharmacorum.....	D. Pharm.

In verpleegkunde:**Grade**

Baccalaureus Curationis (Instructionis et Administrationis)	B. Cur. (I. et A.)
Magister Curationis (Instructionis et Administrationis)	M. Cur. (I. et A.)
Doctor Curationis (Instructionis et Administrationis)	D. Cur. (I. et A.)

Diplomas

Diploma in Verpleegonderwys.....	Dipl. V. O.
Diploma in Verpleegadministrasie.....	Dipl. V. A.

In Optometrie:**Graad**

Baccalaureus Optometriae.....	B. Optom.
-------------------------------	-----------

In Mediese-laboratoriumwetenskappe:**Graad**

Baccalaureus Scientiae (Laboratorii Medicini Scientiae)	B. Sc. (Lab. Med. Sc.)
---	------------------------

(c) In die Fakulteit Ekonomie en Administrasie:

In die Ekonomiese Wetenskappe:**Grade**

Baccalaureus Commercii.....	B. Com.
Baccalaureus Rationis.....	B. R.
Baccalaureus Commercii cum Honoribus.....	B. Com. Hons.
Baccalaureus Rationis cum Honoribus.....	B. R. Hons.
Magister Commercii.....	M. Com.
Doctor Commercii.....	D. Com.

Diplomas

Diploma in Handel.....	Dipl. Com.
------------------------	------------

In die Administrasie:**Grade**

Baccalaureus Administrationis.....	B. Admin.
Baccalaureus Administrationis cum Honoribus	B. Admin. Hons.
Magister Administrationis.....	M. Admin.
Doctor Administrationis.....	D. Admin.

Diplomas

Diploma in Munisipale Administrasie.....	Dipl. Mun. Admin.
Diploma in Munisipale Finansies.....	Dipl. Mun. Fin.
Diploma in Openbare Administrasie.....	Dipl. Openbare Admin.
Diploma in Staatsfinansies.....	Dipl. S. Fin.

In Library Science:**Degrees**

Bachelor of Library and Information Science	B. Bibl.
Honours Bachelor of Library and Information Science.....	B. Bibl. Hons.
Master of Library and Information Science	M. Bibl.
Doctor of Library and Information Science	D. Bibl.

Diplomas

Lower Diploma in Library and Information Science.....	L.D.L.
Higher Diploma in Library and Information Science.....	H.D.L.
Diploma in School Library Science.....	D.S.L.

In Social Work:**Degrees**

Bachelor of Arts in Social Work.....	B.A. (S.W.)
Honours Bachelor of Arts in Social Work.....	B.A. Hons. (S.W.)
Master of Arts in Social Work.....	M.A. (S.W.)
Doctor of Philosophy.....	D. Phil.

(b) In the faculty of Mathematics and Natural Science:

In Pure Science:**Degrees**

Bachelor of Science.....	B. Sc.
Honours Bachelor of Science.....	B. Sc. Hons.
Master of Science.....	M. Sc.
Doctor of Philosophy.....	Ph.D.

In Pharmacy:**Degrees**

Bachelor of Pharmacy.....	B. Pharm.
Honours Bachelor of Science in Pharmacy.....	B. Sc. Hons. (Pharm.)
Master of Pharmacy.....	M. Pharm.
Doctor of Pharmacy.....	D. Pharm.

In Nursing:**Degrees**

Baccalaureus Curationis (Instructionis et Administrationis).....	B. Cur. (I. et A.)
Magister Curationis (Instructionis et Administrationis).....	M. Cur. (I. et A.)
Doctor Curationis (Instructionis et Administrationis).....	D. Cur. (I. et A.)

Diplomas

Diploma in Nursing Education.....	Dipl. N.E.
Diploma in Nursing Administration.....	Dipl. N.A.

In Optometry:**Degree**

Bachelor of Optometry.....	B. Optom.
----------------------------	-----------

In Medical Laboratory Science:**Degree**

Bachelor of Science (Medical Laboratory Science).....	B. Sc. (Med. Lab. Sc.)
---	------------------------

(c) In the Faculty of Economics and Administration:

In Economics Sciences:**Degrees**

Bachelor of Commerce.....	B. Com.
Baccalaureus Rationis.....	B. R.
Honours Bachelor of Commerce.....	B. Com. Hons.
Baccalaureus Rationis cum Honoribus.....	B. R. Hons.
Master of Commerce.....	M. Com.
Doctor of Commerce.....	D. Com.

Diplomas

Diploma in Commerce.....	Dipl. Com.
--------------------------	------------

In Administration:**Degrees**

Bachelor of Administration.....	B. Admin.
Honours Bachelor of Administration.....	B. Admin. Hons.
Master of Administration.....	M. Admin.
Doctor of Administration.....	D. Admin.

Diplomas

Diploma in Municipal Administration.....	Dipl. Mun. Admin.
Diploma in Municipal Finance.....	Dipl. Mun. Fin.
Diploma in Public Administration.....	Dipl. Public Admin.
